Ges. 36: 1, 2. Op Pad — met Xtus. | Pta-oos 1 apr. '51 | Jeugdiens
Ps. 25: 2, 4.
Ges. 135: 4, 5. Luk. 24: 13-35

Luk. 24:32 — En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

Van al d. mededelinge wat die evangeliste ons gee v. Xt. se verskyninge na Sy opstanding is hd. ontmoeting m. d. twee Emmausgangers veral uitstaande om sy diepe menslikhd — 'n getroue weergawe, 'n baie raak beeld v. d. twyfel en stryd van miljoene langs d pad. Hier sien ons d. 2 manne stap — ek kan dit om draai te kan mis- druk dat hulle miskien jong manne besig om te gesels oor al d. twyfel en vrae en onseker van hulle eie harte. / In Jerus. het die naweek iets gebeur wat hulle verstandig nie kan verklaar nie: dit het d. sin & betekenis v.d. lewe vir hulle weggeneem. Bedroef huis-toe — verward & bedruk — verlange om alleen te wees: alom teësin mag vir enige inmenging. Hoor d. toon van ongeduld in Kleopas se stem as 'n vreemdeling opdaag — skynbaar toevallig

I. Die Skynbr. Toevallige Ontmoeting: Ongemerk, ongevraag kom Xt. by — toe hulle hulle kry stap Hy saam met hulle op d. pad. Die aandson is besig om onder te gaan — op die weste brand d. laaste strale v.d. sterwende dag. So voel hulle ook: 'n sterwende hoop wat pas by 'n sterwende dag. Hoe het hulle hl. nie gedaan gereke-

nie oor al die geheime nie – en nag is daar geen lig nie! Watter lig sou hd. hulle nuwe vreemdeling dan kon gee? → Hoeveel van die gesprekke voer ons nie ook baie dae langs die pad – daardie tye wanneer al die vrae en twyfel, al die swerm van 'n soekende hart na bo kom in ons gesprekke met ander maats! En so ongemerk sluit Kt. Hom aan by ons & loop Hy saam! op d. pad van beproewing & dood op d. pad van vreugde & verwagting; op d. pad van misverstand & moeilikhede; op d. pad van afdwaling & wegdrywe van God – daar wag Hy ons in, & loop Hy saam! Geen toeval – beskikking!

Nr. hoekom ontmoet Kt. hulle? Daar is net een antw.: omdat hulle besig was m.d. dinge aangaande Jesus (vs. 19) – omdat hulle hfs geskaar het om Xtus, d. lew. Wd! Dis waar ja, hulle het nog by verse na nie verstaan wie Hy was nie (vs. 19) nr. hulle wou verstaan. Dan ontmoet Kt. hulle en praat met hulle; laat sy stem hoor. Hulle ~~ighoofte~~ – sy gefeesthe! alles hang af waarmee ons besig is – as ons geen tyd het om aan Hom af te staan nie, as ons wegbly m.b.t. die dinge aangaande Jesus – dan wag ons tevergeefs dat Hy ons op d. pad moet ~~sal~~ ontmoet: ons sal Hom nie sien nie!

II Die Inhoud v.d. Gesprek: Deur d. een vraag na d. ander lok Kt. hulle uit om te praat: toe d. prop eers uitgetrek is, het d. water eenvoudig gestroom! (vss. 19-24).

al hulle twyfel, al hulle hoë verwagtinge hulle bitter teleurstellinge, hulle verydelde hoop lê hulle aan Hom bloot. En dan kom sy antwd.: „En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê uit al d. Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" Watter uitmuntende uitleg moes dit nie gewees het nie! Hoe verlang om te kon saamstap en aanhoor & luister uit d. stilte v.d. broeië aand, na hd. Meesterkenner v.d. Skrif!

En my verbeelding hoor ek hoe Xtus vir hulle d. diepere sin v.d. rituele v.d. Mos. wet uitlê, hoe Hy d. Messiaanse voorspellings aanhaal uit die Psalms v. Dawid – hoe dit Hy. die Xtus is, die Immanuel van Jesaja, die Kind wat gebore is wat genoem word: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors, die Lam ter slagting gelei; die Wortel uit d. droë grond v. Esegiël, die Klip v. Daniël, wat d. beeld verbrysel, die Son van Geregtigheid van Maleagi!

So neem Kt. al d. losstaande feite en eenvoue voorspellinge & pas hulle inmekaar tot een saamh. ~~prent~~ (soos 'n legkaart). Hy gee a.d. Skrif 'n nuwe lewende inhoud – omdat dit gaan om Homself!

Hoe dring hd. wil ons nie om weer opnuut te leer: ① waar d. ons ~~uitleg~~ uitleg v.d. Skrif ons nie bring by Kt.; d. lewende Wd – is alles tevergeefs! Hoeveel van ons B/les vrugteloos net om hd. rede!

② Xtus 'n volledige antwoord!

III <u>Die Gewaarwordinge Gewek</u>: „Was ons harte nie brandende in ons" – so gee hulle weer die gewaarwordinge van hulle harte – 'n hart wat vlam gevat het deur d. aanraking v.d. Wd. v. God! soos Xt. dit aan hulle gegee het. Nie d. vuur van onbekende geval, van opsweping van gemoed, van valse & verkeerde oordeel wat netnou soos 'n fyntakvuurtjie weer sou uitgaan. Nie – nee! Die Wd. v. God ~~vaal~~ sal 'n vuur aansteek:

- vuur van louterung: sondige motiewe ens. uitbrand
- vuur v. verheldering: verstand helig, nuwe insigte & waarhede ontdek van Gods liefde, genade, → twyfel verdwyne!
- vuur van verinniging: genadeleve verdiep meer meelewe m. ander, beter verstaan!
- vuur van beslissing: wil versterk tot 'n vaste daad! Soos hier: vs. 33 – dadelik opgestaan toe hulle ontdek: die lew. Xtus in ons midde! Anders bly alles ydele mense, onvervulde drome, nuttelose gepraat en lei dit tot verswakking van karakter!

Daarom vla kan pleit: (1) Stel jouself oop in d. krag v.d. Wd. – gee Xt. 'n kans om te praat – maak tyd om met Hom saam te gesels. – Bewaar die brandende hart – maar laat dit u uitlei tot 'n praktiese positiewe daad. Dis d. enigste antwoord ook hier u twyfel en wanhoop wat dreig langs d. pad!